SAKE 24 (Volksblad), Saterdag
12 Mar 2011, p.13

Coronation wen toptoekenning

Nellie Brand-Jonker, Kaapstad

Coronation se effektetrustmaatskappy is vanjaar as die wenner van die toekenning vir groter fondsbestuurders by die jaarlikse Morningstar-prysuitdeling in Kaapstad aangewys.

Nedgroup Kollektiewe Beleggings was verlede jaar eerste en Coronation was derde in dié kategorie.

Die toekenning is vir fondsbestuurders wat minstens tien fondse het wat 'n minimum van drie jaar bedryf word, volgens mnr. Tal Nieburg, hoof van Morningstar Suid-Afrika.

In die kategorie vir top-spesialisfondsbestuurders was Cadiz eerste.

Verlede jaar was Allan Gray eerste.

Die spesialisfondsbestuurderprys word uitgereik aan fondsbestuurders wat minder as tien fondse bestuur, maar wat ook reeds 'n minimum van drie jaar in bedryf is.

Daar word klem gelê op die vertoning in die jaar tot einde Desember, maar die fondse moet ook oor die drie jaar tot einde Desember 'n sterk vertoning gelewer het. Die fondsbestuurder met die sterkste vertoning oor al sy fondse kry die toekenning.

Dit is die derde jaar dat Morningstar se internasionale navorsingsmetodologie toegepas is in die beoordeling van die topfondse en topfondsbestuurders.

Mnr. Pieter Koekemoer, hoof van persoonlike beleggings van Coronation, het gesê die toekenning is gewen as gevolg van dié fondsbestuurder se bestendige vertoning tussen 2008 en 2010 oor 'n reeks fondse.

Coronation het ook toekennings vir die beste vertoning in ander kategorieë gekry.

Die ander fondse wat wenners in die verskillende kategorieë was, is: Coronation Market Plus; Fidelity se Asian Special Situations; Cadiz Inflation Plus; Ashburton European Equity; Baroque Moderato; Franklin U.S. Opportunities; Nedgroup Investments Mining and Resources; Sarasin CI Equisar Dollar Global Thematic; Old Mutual Global Bond Feeder; Stanlib Financials; Coronation Industrial; Prudential Enhanced SA Property Tracker; RMB Small/Mid Cap; Cadiz Absolute Yield; Investec Opportunity Income; Nedgroup Investments Bond; Franklin Global Real Estate en Marriott Dividend Growth.

Wat sê jy?
Stuur 'n sms na **37172**. Dit kos R1